Is dagga veilig? - rooi rose

www.rooirose.co.za/dagga-veilig/

Is dagga veilig, noudat die nuwe wetgewing sê mediese of terapeutiese dagga is wettig? Jou dokter sal nou vir jou dagga kan voorskryf. Dit laat mens skielik voel asof dagga soos ’n antibiotika is. Soms is dit net die regte ding vir jou. En daarmee saam voel jy asof dagga veilig is.

Of is een se medisyne ’n ander se gif? Wat doen dagga aan jou? Ons het twee kenners gevra om uit te klaar wat dagga aan gesonde mense doen. Prof. Lize Weich, dosent in psigiatrie aan die Universiteit van Stellenbosch, en Tertius Cronjé, senior konsultant by SANCA lys die volgende nadele.

Interessant: Hulle sê die nadele geld álmal. Siek mense wat dagga gebruik loop presies dieselfde risiko’s as gesonde mense. Siek mense sal egter die nadele teenoor die voordele opweeg.

Nog ’n feit wat mens laat nadink oor daggaveiligheid:

Ontleding van daggaplante wys moderne dagga is rondom 400% sterker as die dagga van die hippi-era en vroeër. Daggakwekers in hul soeke na die volmaakte euforie het daggaplante veredel, net soos enige ander landbougewas. Navorsing in 1980 het gewys dat blare gemiddeld 2% kannabinoïede bavat; teen 1997 het dit op 4,5% gestaan en op 8,55% in ’n 2006-ondersoek. Die dagga waarmee tieners vandag eksperimenteer is dus rondom vier keer sterker as wat vorige geslagte kon kry. Die uitwerking hiervan moet meer intens wees.

1 Dagga beskadig jou brein permanent

Tot onlangs was mense meer bekommerd oor die moontlikheid dat jy verslaaf kan raak aan dagga. Na uitgebreide navorsing weet ons nou die probleem met dagga lê eintlik by die skade wat dit aan die brein doen.

'n Kykie na die syfers wys die volgende:

- Volgens 'n VN-raming was daar in 2010 tussen 119 miljoen en 224 miljoen daggagebruikers wêreldwyd.
- Daar is sowat 13 miljoen permanent afhankllikes wêreldwyd, volgens die 2010 *Global Burden of Disease*-ondersoek.
- Dus raak 5-10% van mense afhanklik van dagga.

Dit bevestig dat verslawing nie die groot risiko is nie. Die groot probleem is die feit dat dagga jou brein permanent verander (lees 'beskadig'). Afhanklikheid kan potensieel omgekeer word maar die veranderings wat dagga aan die brein veroorsaak blyk permanent te wees.

Die brein van jong mense tussen 15 en 25 jaar is die vatbaarste vir daggaskade, sê prof. Weich.

"Ons weet die brein gaan in die laat tienerjare en vroeë twintigs deur 'n baie kritieke periode van finale ontwikkeling. Dagga werk ongelukkig juis spesifiek in op hierdie areas."

"Hierdie areas het veral te doen het met goeie oordeel, inhibisie en emosionele konneksies met ander mense. Met ander woorde hierdie mense sukkel om gelukkige verhoudings te bou, waag makliker dom kanse en kan hul vermoë om goeie keuses te maak verloor.

"Dit is juis hulle wat met dagga eksperimenteer. Die feit is dat hulle blootstelling aan dagga die minste bekostig."

2 Dagga verswak jou konsentrasievermoë en geheue

Jou vermoë om te leer en te onthou word erg benadeel, sê Tertius Cronjé van SANCA.

"Om dit prontuit te stel: dagga maak jou dom. Dit is nie maar net vermoedens nie, die navorsing hieroor is goed gevestig."

Hoe langer jy dagga gebruik, hoe meer word jou geheue en konsentrasie aangetas. Wanneer jy na langtermyn gebruik ophou, keer jou konsentrasievermoë en geheue nie noodwendig terug nie. Hierdie

skade kan dus **permanent** wees. In die mediese wêreld staan dit bekend as blywende kognitiewe skade (*residual cognitive impairment*).

3 Dagga veroorsaak 'dom-en-lui-sindroom'

Die korrekte term is afhanklikheidsindroom, sê Tertius. "Dit is 'n algemene waarneming dat mense wat dagga gereeld gebruik mettertyd werksku raak.

"Ons verstaan steeds nie hoe dit gebeur nie. Vermoedelik verander dagga die beloningsentrum in die brein. Gereelde gebruikers verloor dus alle motivering om te werk en na hulself om te sien."

As jy dus droom van 'n lewe met genoeg geld vir 'n mooi huis, motors, vakansies en werksukses, vergeet daarvan dat dagga veilig vir jou sal wees.

4 Dagga kan skisofrenie, psigoses, angsaanvalle en depressie sneller

Só lyk van die syfers oor psigiese siektes en dagga:

- 'n Ondersoek deur prof. Weich by *Stikland Psigiatriese Hospitaal* in die Kaap wys dat 51% (die helfte) van die pasiënte wat oor 'n periode van drie maande toegelaat is ook dwelms gebruik het. In die meeste gevalle was die betrokke dwelmmiddel dagga.
- Navorsing in die VSA wys dat een uit elke ses pasiënte met psigose en een uit elke 30 pasiënte met skisofrenie hulle toestand direk aan dagga te wyte het.

Die algemene mening is dat dagga hierdie siektes by jou sneller as jy 'n geneigdheid daartoe het. As jy 'n familiegeskiedenis (familielede met enige tipe psigiese siekte en/of depressie) het, is dit te betwyfel of dagga veilig vir jou kan wees. Daar is geen betroubare manier om te voorspel by wie dagga psigiese siektes sal sneller nie. Dit kan jý wees.

5 Dagga beskadig babas tydens swangerskap

Swanger vroue wat dagga gebruik se kinders vaar op drie jaar betekenisvol swakker in IK-toetse as kinders van ma's wat nie dagga tydens swangerskap gebruik het nie. AAHS (aandag-afleibaarheid-en-hiperaktiwiteitsindroom), is ook meer algemeen onder kinders van daggarokers. Dagga kan nie vir jou toekomstige nageslag veilig wees nie.

6 Dagga verhoog jou en jou kinders se kanse op kanker

Net soos wat sigarette kankerwekkers is, is daar kankerwekkers in dagga. Daarom is die voorkoms van longkankers en kop- en nekkankers hoër onder daggagebruikers.

KANSA sê daggarook is uiters ongesond en skaad die longe selfs meer as sigarette. Mediese gebruikers is later baie meer vatbaar vir longinfeksies, chroniese brongitis en so meer.

Kinders van daggarokers loop ongelukkig ook deur. Kinderleukemie is meer algemeen onder daggarokers se kinders. So ook sekere skaarser soorte kinderkankers, soos astrositoom en

Foto: Pexels

rabdomiosarkoom.

7 Dagga lei tot padongelukke, net soos drank

- ’n Ondersoek deur ons eie *Medical Research Council* wys dat twee uit elke drie pasiënte wat in Kaapse Trauma-eenhede opgeneem word, spesifiek dagga gebruik het.
- ’n Opname in ses Amerikaanse state wys dat byna een uit elke drie motorbestuurders wat in ’n ongeluk gesterf het onder die invloed van dwelms was, met dagga as die algemeenste een.

Dus: nes drank tas dagga jou koördinasie aan, met gevolge soos dat jy ’n gevaar op die pad raak vir jouself en ander en dat jy jou eie voertuig afskryf of beskadig, met al die finansiële implikasies daarvan.

8 Jy kán verslaaf raak aan dagga

Jou kans op afhanklikheid neem toe met langer gebruik. Jy kan dalk aan die begin afhanklikheid vryspring maar hoe langer jy dagga gebruik, hoe groter is die kans dat jy afhanklik raak.

Lees ook meer oor die 2017-daggawetgewing en hoe dit verseker dat mense met vigs, kanker en pyn dagga wettig sal kan gebruik.

Dagga koop en die Daggawet: kry jou tiener nou maklik dagga?
Systap vakansieskete

Welkom by die rooi rose aanlyngemeenskap!

Vertel ons meer van jouself sodat ons aan jou behoeftes kan voldoen. Klik hier om ’n vinnige, anonieme digitale meningsopname te doen.

Salome Delport